


Nomades
Voetslaanklub
Roete terugvoer
Khomas Hochland
stap.
Augustus 2016.



Groep 1 (6-13 Augustus) : Wilna Moolman, Fritz van Deventer, Anna-Marie Lotter, Phrina Oosthuizen, Magda Grobler, Isabel Baatsen, Silvia de Jong, Lena le Roux, Tonia Barker en Elma Rossouw. 10 Siele.

Groep 2 (7-14 Augustus) : Jannes van Ryssen, Daphne du Preez, Carol van der Walt en Helene Gertenbach.

Tydens die September klubaand vertel Isabel en Jannes as volg:



Isabel sê hul het die eerste aand al hul eerste ontnugtering gehad met 'n Baie koue aand. Die oggend so vrek koud. 7:30 begin stap. Die hitte vang jou op dan weer in die dag. Daar is nêrens water op die roete nie, jy moet al jou water saamdra. Die kms was nie reg nie. Eerste 7-8 km was reg, daarna raak dit 'anders'. Oral spoeltoilette, met storte met tipies riete toe. Jan ry saam met rugsakke en matrassies. Middel hut het 'n Longdrop wat lyk soos 'n trailer se punt wat afgesny is met reflektors op. Hul merk die toilet is beset met 'lintjie aangesien dit redelik ver is en teen 'n bultjie uit vanaf die kuierplek.



Koedoes, klipspringers, zebras, bobejane gesien. Kos was rou, en wildsvleis. Isabel sê sy was jaloers, so 2-2 in spanne gekook. Altyd Gemsbok gewees. Groente en brood ook. Hulle het roerbraai ook soms gemaak. Een boervrou het wildsfrikadelle ook gebring. Jy kon ook in die oggende drinkgoed bestel het wat dan die aand vir jou gebring is en jy sien dan die heel dag uit daarna, maar als kos R25, of dit nou water, bier of coke of wat ook al was. Dit was waarskynlik nie so moeilik as wat die hitte dit moeilik maak nie. Dit bly lang afstande. 'n Tipiese dor droë silver grys Namibiese landskap gehad. Bietjie kranse geklim. Dag 5 was kranse met lere af. Die boere gee elk hul eie tipe akkomodasie. Die een mooi Duitse boertjie het hul eers kom besoek en kos gebring, maar toe hul uitsien dat hy weer kom, kom sy pa later. Hulle kuier lekker. Ursula en van die boere kuier ook lekker met die stappers. Godieskamp het beddens onder die afdak en seile wat afsak en kyk uit op die berg. Toilet op 'n randjie doerrrr bo, met lekker oneweredige trappies op, intresant in die donker en om die donkie te stook moet jy oor die wasbak klim. Dag 5, by boomhuis, lyk soos 'n 5-ster hotel, maar so onprakties. Onder nie rereg iets, 2de vlak kuier en braai en bo slaap. Badkamer geteel en mooi, maar eers later water gekry. Vloere van 'n staal-tipe mesh. Als beweeg soos jy gaan en sif maar deur na onder waar jy kos maak. Dag 6, laaste dag. 'n Paar het gaan eet by Düsterbrook se eetplek aan die einde. Totale afstand was sowat 96 km.



Jannes se groep stap 4 saam. Die dag net na die ander groep. Saam met Helene, Daphne en Carol. Daphne van Midrand omgewing. Daphne en Carol beide al SA verteenwoordig in die wedloopstap.



Gou kameradie gemaak. Darm nie so koud gekry die eerste nag nie. Veral die 21km was maar swaar. Die intresante dinge waarna hy gekyk het was die tipe mis. Die baie geraamtes wat daar rondlê was opmerklik. Hienas eet dit gewoonlik, maar die boere skiet hul klaarbykblik. Isabel sê van die koedoes is dood van hondsdoelheid. Die horing begin 'groeï' in die grond in. Jannes het ook in Suid-Wes grootgeword. Keratien, is onoplosbaar, maar 'n horing mot lê eiers daarin die hoë protien horing wat 'n tipe buis afmaak na die grond toe en dan lyk soos 'wortels'. Daphne het verkoue gekry en dag 5 en 6 nie gestap nie en baie wild gesien soos sy saam met die boer gery het. 2de Aand was daar nie water nie, maar sms's aan al die noodnommers het geen reaksie gehad nie. Jannes en Daphne stap toe na plaas toe. Daar was Duitse jagters, en hul het die Saterdag nog 'n luiperd daar geskiet. Die bobbejane pluk die krane oop en dan loop die water uit, maar Jannes en Daphne het koek en tee gekry en is toe teruggeneem en water is herstel. Water bottels moet voor die stap volgemaak word. Dag 5, stap Daphne ook nie, Net Jannes en Helene.



Panne water later gesien. Johann Vaatz sê dit is skynbaar die riool oorloop van Windhoek, daar is masiewe Anna-bome. Die plaas lê blyk so 100 meter onder Windhoek. Laastedag stap mens al langs die spruitjie,

waar mens soms sukkel om oor te kom en moes klippe pak. Baie vlakvarke. Elke koppie het seker ook 'n trop bobbejane op. Nog so 6-7 km gestap die



laaste dag na die Andreas dam waar daar ook seekoeie was in skoon water, hulle het ook die groot bolle mis gesien. Sien ook 'n jakkals daar. Hulle skiet maar die bobbejane uit daar. Baie



plekke is die doringbome se bas ook afgetrek en dit is toe ook bevestig dat dit bobbejane is wat die bas aftrek opsoek na gogatjies ens. Visarende ook mooi gewees by die riool water. Kon die paddas ook daar hoor en baie voëls daar. Daar is ook naweek roetes en dagstappe en ander kampplekke by die onderskye. Daar was 'n ook 'n dubbel bespreking tussen die 4 dag en die 6 dag stap en 2 persone het toe ook maar getent saam met die ander groep. Lekker maar 'n duur vakansie.

Shuttel na en van die lughae het goed gewerk en was heelwat goedkoper as Düsternbrook se shuttel.

Elma sê "Ons was 'n groep van tien - nege dames en net een heer - en dit was 'n baie gemaklike en gemoedelike groep wat die staproete en mekaar se geselskap baie geniet het. Vir my en Lena was dit 'n eerste en Tonia het ook lanklaas saam met 'n klub gestap.

Die roete is net so bietjie meer as 90 km en strek oor 6 dae. Dit wissel tussen gemaklike stappies, meer uitdagende klowe en rotse(boulders), op- en afdraandes en vreesaanjaende houtlere (vyf van hulle!) maar altyd mooi. Die natuur is voorwaar ongelooflik en dit verander ook gedurig. Soms kon ons so ver as Windhoek sien en ander kere was ons gelukkig om gemsbokke, koedoes, zebras springbokke en vlakvarke te sien. 'n Hoogtepunt was die klipspringers. Natuurlik was daar ook bobbejane!

Dit was bedags warm en slegs een keer is daar vars waterbottels deur die boer beskikbaar gestel. Net een dag is die roete minder as tien km, eenmaal verder as twintig en die ander drie dae ongeveer vyftien.

Die groep het op Düsternbrook bymekaar gekom, die aand daar geslaap en dit is ook weer waar die roete eindig. Die eerste oggend was verreweg die koudste en het ons halfverklum opgepak en dag een begin. Gelukkig was dit gou lekker warm. Die weer was eintlik baie aangenaam en was ons dankbaar daarvoor.



Die slaapplekke is goed ingerig, riviersand is ingery om die oppervlakte effe meer gemaklik te maak. Omdat ons die "slecht packing" (vlg een vd boere) gekies het, het hulle dan ook vir ons matrassies verskaf. Hulle het ook elke aand Sylvia-hulle se tentjie opgeslaan as deel van hulle pakket. Die slaapplek is onderdak en met 'n lae muurtjie omring. Die ablusie was ook uitstekend. Ons het elke dag warm gestort - of deur solar of donkies - en het slegs by een oornagplek van 'n "long drop" gebruik gemaak. Ons het egter op dag 2 en 4 hier geslaap. Dag 3 het ons beddens gehad met die wonderlikste uitsig! Dag 5 slaap 'n mens in 'n boomhuis omring deur water! Dit was so anders as al die ander dae en het soos 'n oase gevoel en gelyk.



Ons het per geleentheid na die voetspoortjies gesoek, maar die meeste van die tyd was dit baie sigbaar en baie gereeld. Ons het dalk maar net agv te veel loop en gesels dat ons die teken misgekyk het. Die roete is baie interessant en waardeer stappers die moeite wat gedoen is daarmee. Ook die insiggewende en pittige plekname en inligtingbordjies het vir baie vermaak en ligte oomblikke gesorg. Baie dankie aan Albert Bossert en sy span.

Ses van ons het die kosopsie geneem en dit was 'n uitstekende besluit. Omdat ons die rou bestanddele elke middag ontvang het, het ons in 3 spanne gedeel en het 'n kookkompetisie-atmosfeer geheers. Ek vermoed die boere beplan saam want ons het nie een aand dieselfde gekry nie. Behalwe vir een aand het ons andersins elke keer 'n vorm van gemsbok (oryx) gekry. Die braaigeriewe en - benodighede was meer as voldoende en dis 'n mite dat net mans kan braai. Ons het ook groente en slaaie gekry en was meer as tevrede daarmee en ook meer as genoeg.

Ons kon ook elke dag yskoue biere, savannahs of koeldranke koop en het ons angstig gewag vir die boer om dit aan te ry. Daar was ook genoeg hout om saans om 'n heerlike kampvuur te kuier.

Vanweë iemand se fout moes ons aand vier en vyf ons slaapplek met ander (pa, ma en dogter) deel.

Hierdie is 'n 5ster roete. Die uitdagings wat die roete bied, is net genoeg om middae met bevrediging en trots te dink aan wat jy vandag vermag het."

Vir 6 aande R1170 as jy self kos maak + R120 om 'n matrassie te huur. R1950 per persoon as jy 6 aandetes en 'n matrassie kry. R700 per nag per groep om bagasie te vervoer. 'n Ekstra nag na die stap : R195.00 + R20

Saamgestel deur
Marius Stander
met almal se insette.
Baie dankie daarvoor.
Vriendelike stapgroete
MariusStanderPTA@gmail.com
Sien gerus ook
WWW.NOMADES.CO.ZA vir baie
vorige stapverslae en
roeteterugvoer en ook
Nomades se jaarprogramme.

